G68G
S.559

GOVT PUBL
31 AUG 1984
UCT LIBRARIES

EX UNITATE VIRES

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**PRYS 40c PRICE**
**Plus AVB/GST**
**BUITELANDS 50c ABROAD**
**POSVRY · POST FREE**

VOL. 230 — KAAPSTAD, 22 AUGUSTUS 1984 — CAPE TOWN, 22 AUGUST 1984 — No. 9374

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1777. 22 Augustus 1984

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 116 van 1984: Wysigingswet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1984.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1777. 22 August 1984

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 116 of 1984: Promotion of Local Government Affairs Amendment Act, 1984.

**Wet No. 116, 1984** WYSIGINGSWET OP DIE BEVORDERING VAN PLAASLIKE OWERHEIDSAANGELEENTHEDE, 1984

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

__________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983, ten einde te bepaal dat sekere bevoegdhede van die administrateurs van die provinsies slegs ooreenkomstig die voorskrifte van die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning uitgeoefen mag word; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 12 Julie 1984.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 91 van 1983.

**1.** Artikel 1 van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur in paragraaf *(b)* van die omskrywing van "Administrateur" die uitdrukking "artikel 17" deur die uitdrukking "artikels 17 en 17A" te vervang.

Invoeging van artikel 17A in Wet 91 van 1983.

**2.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 17 ingevoeg:

"Sekere bevoegdhede deur Administrateur uitgeoefen te word ooreenkomstig voorskrifte deur Minister bepaal.

**17A.** (1) Wanneer 'n bevoegdheid by of kragtens wet aan 'n Administrateur verleen—

*(a)* om 'n plaaslike owerheid in te stel of te ontbind of twee of meer plaaslike owerhede in een plaaslike owerheid te verenig;

*(b)* om die regsgebied van 'n plaaslike owerheid te bepaal of te verander; of

*(c)* om plaaslike owerhede of enige kategorie plaaslike owerhede vir die een of ander doel volgens grade in te deel,

deur die Administrateur uitgeoefen word, word daardie bevoegdheid deur die Administrateur uitgeoefen ooreenkomstig die algemene voorskrifte wat die maatstawwe, norms en standaarde uiteensit wat deur 'n Administrateur in ag geneem moet word by enige besluit ten opsigte van bogenoemde aangeleenthede wat die Minister, na oorlegpleging met die koördinerende raad, by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Subartikel (1) doen nie afbreuk aan 'n bepaling van 'n wet daarin bedoel in soverre daardie bepaling nie met die voorskrifte kragtens daardie subartikel bepaal strydig is nie.".

Kort titel.

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1984.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

__________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983, so as to provide that certain powers of the administrators of the provinces shall be exercised only in accordance with the directives of the Minister of Constitutional Development and Planning; and to provide for incidental matters.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 12 July 1984.)*

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 91 of 1983.

**1.** Section 1 of the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution in paragraph *(b)* of the definition of "Administrator" for the expression "section 17" of the expression "sections 17 and 17A".

Insertion of section 17A in Act 91 of 1983.

**2.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 17:

"Certain powers to be exercised by Administrator in accordance with directives determined by Minister.

**17A.** (1) Whenever a power conferred by or under any law upon an Administrator—

*(a)* to establish or dissolve any local authority or to combine two or more local authorities into a single local authority;

*(b)* to determine or alter the area of jurisdiction of a local authority; or

*(c)* to classify local authorities or any category of local authorities according to grades,

is exercised by the Administrator, that power shall be exercised by the Administrator in accordance with such general directives setting out the criteria, norms and standards to be taken into account by an Administrator in any decision in respect of the above matters as the Minister may, after consultation with the co-ordinating council, determine by notice in the *Gazette*.

(2) Subsection (1) shall not derogate from a provision of a law therein referred to in so far as that provision is not contrary to the directives determined under that subsection.".

Short title.

**3.** This Act shall be called the Promotion of Local Government Affairs Amendment Act, 1984.